# RPO Markverslag

## Week 09 van 2026

Week geëindig op 27 Februarie 2026






**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 27 Feruarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R40.45 | 1.1% | 3.0% | 18.9% |
| A2 (R/kg) | R62.34 | 1.1% | -5.5% | 12.8% |
| B2 (R/kg) | R56.92 | 1.0% | -3.6% | 14.7% |
| C2 (R/kg) | R55.57 | 0.2% | -4.1% | 19.8% |

# Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 9 met 1.1% gestyg teenoor die vorige week en is tans 18.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Dit is duidelik dat die mark tans in `n sywaartse fase is, met baie onsekerheid weens BEK inentings en die toekomstige marktoegang van die diere. Die verwagting is dat die prys ‘n dalende tendens kan ingaan tot in Mei, soos speentyd aanbreek, maar daar moet in aggeneem word dat die onsekerheid van BEK moontlik ‘n effek op die aanbod van speenkalwers in die mark kan hê. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in April ongeveer R38/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R35/kg en nie hoër as R42/kg behoort te wees nie.




# A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 9 met 1.1% gestyg teenoor die vorige week en is tans 12.8% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer aanbod op karkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou en ‘n moontlike piek in Junie kan bereik. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in April ongeveer R67/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R60/kg en nie hoër as R74/kg behoort te wees nie.

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

# RPO Markverslag


## Week 09 van 2026

Week geëindig op 27 Februarie 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 27 Feruarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R47.61 | 6.4% | -7.3% | 16.5% |
| A2 (R/kg) | R102.63 | 0.5% | -1.7% | 2.8% |
| B2 (R/kg) | R82.21 | 1.7% | -4.2% | 21.3% |
| C2 (R/kg) | R82.18 | 1.0% | 1.7% | 26.0% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 9 skerp met 6.4% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 16.5% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die prys ry redelik wipplank op die stadium wat `n aanduiding is van die onsekerheid wat die hoeveelheid bemarkbare lammers betref. Dit is `n normale tendens aan die einde van Februarie. Die verwagting is dat die prys 'n moontlike stygende tendens kan ingaan tot in Junie soos die aanbod van stoorlammers verminder tydens die winter seisoen. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in April ongeveer R48/kg te wees, terwyl dit nie laer as R44/kg en nie hoër as R52/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die A2 lamkarkasprys het in Week 9 met 0.5% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 2.8% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die prys beweeg sywaarts met geen groot veranderinge wat tans in aanbod of vraag waargeneem word nie. Die verwagting is dat die prys 'n stygende tendens kan ingaan vir die volgende 4 maande soos die aanbod op lamkarkasse verminder tydens die winter. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in April ongeveer R101/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R94/kg en nie hoër as R109/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*